Maart 2023

KRUGERWILDTUIN EN PANORAMAROETE

30 Augustus – 5 September 2023

NADERE BESONDERHEDE

PRYS: R18 850 per persoon wat deel en ongeveer R400 per persoon vir fooitjies

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- Luukse busvervoer van O.R. Tambo/Pretoria na Malelane, die Krugerwildtuin en die Panoramaroete en terug na OR Tambo
- Drie nagte in die Kruger-Wildtuin en geleentheid om wild te soek en die besóndere atmosfeer van die Wildtuin te beleef!
- Twee nagte in die mooiste omgewing van Mpumalanga en geleentheid om van die hoogtepunte te sien soos die Drie Rondawels, *God's Window* en die kolkgate by Bourke's Luck
- Ervare Suid-Afrikaanse toerleier vergesel die groep

UITGESLUIT BY DIE TOERPRYS

- Binnelandse vlugte na en van O.R. Tambo
- Fooitjies vir busbestuurder en hotelpersoneel. U betaal dit vooraf sodat u nie u sakgeld gedurende die toer daarvoor hoef te gebruik nie. Die fooitjies beloop ongeveer **R400**
- Reisversekering, wat kansellasiedekking insluit, waaroor u later volledige besonderhede sal ontvang
- Ligte middagetes (sien program)
- Bybetaling vir enkel-akkommodasie (indien van toepassing): R6 000
- Persoonlike uitgawes soos telefoonoproepe, aandenkings, drankies, ekstra verversings

INSKRYWING

'n Inskrywing is geldig wanneer ons u deposito ***tesame*** met die Inskrywings- en Vrywaringsvorm ontvang het. Die Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word met u ***volle name soos dit in u ID verskyn!***

TOERDEPOSITO

Die toerdeposito van **R2 000 per persoon** is met inskrywing betaalbaar. Die deposito is nie terugbetaalbaar nie.

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (fooitjies, versekering ens.) vir die toer moet vóór 3 Junie 2023 betaal word. Indien u ná 3 Junie inskryf, moet u die volle toerprys betaal sodra u die omsendbrief met die Verdelingsvorm (rekening) kry.

WYSE VAN BETALING

- **Bankdeposito/EFT:** Word d.m.v. 'n bankdeposito of elektroniese oorplasing aan CvW-Toere gemaak.
- **Kontantinbetalings:** Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontantinbetalingskoste insluit. Vra asseblief u bank hoeveel dit beloop (ongeveer **1% van die inbetalingsbedrag** kan hiervoor begroot word).

Bankbesonderhede:

Christine van Wyk-Toere

Standard Bank Tjekrekening (Lopende rekening / *Current account*)

Takkode: **051001**

Tjekrekeningnommer: **410 722 782**

NB: Gebruik u voorletters en van as verwysing met betalings (nie die toer se naam / u noemnaam nie).

KANSELLASIE

Indien u genoodsaak is om u toer te kanselleer, geld die volgende voorwaardes:

Die toerdeposito is ongelukkig nie terugbetaalbaar nie.

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u moet kanselleer, u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis. Dit geld slegs indien die rede vir kansellasie kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering word gestuur aan almal wat inskryf.

OMSENDBRIEWE

Nadat ons u inskrywing ontvang het, sal ons d.m.v. e-pos-omsendbriewe met u kommunikeer, onder andere in verband met klere wat u moet saamneem, inligting oor versekering, finale betaling van die toerprys, vertrekreëlngs ens. ***Laat weet ons asseblief skriftelik indien enige van u kontakinliging soos adres, e-posadres of telefoonnommer(s) verander.***

GESONDHEID EN TOERFIKSHEID

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat wil reis, se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien sodat hulle nie heeltyd van mede-toerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier benadeel nie.